12 April 2011

NUUSBRIEF 4/2011

Geagte Ouers, Personeel en Leerders

Met die aanvang van die tweede kwartaal wil ek elkeen van u verwelkom en die vertroue uitspreek dat ons ‘n baie suksesvolle en voorspoedige kwartaal sal beleef.

‘n Spesiale woord van welkom aan ons nuwe leerders en hul ouers wat nut by ons ingeskryf het. Ons vertrou dat u gou by ons sal inskakel en hartlik met ons sal saamwerk.

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike sake:

1. **OUERAAND : WOENSDAG, 20 APRIL 2011**

   Op bogenoemde datum vind ‘n Oueraand plaas waartydens u geleentheid sal kry om gesprekke te voer met u kind se onderwysers. Assesseringsverslae (rapport) word Dinsdag, 29 April 2011 gedurende skoolure aan leerders oorhandig sodat u insae in u kind se vordering het voordat die oueraand plaasvind. Die oueraand vind plaas tussen 17:00 en 18:30.

2. **FONDSINSAMELINGSPROJEK**

   ‘n Fondsinsamelingsprojek skop Dinsdag, 12 April 2011 af. Die fondse wat hiermee geïn word, is reeds by die begroting as ‘n inkomste vir 2011 ingewerk ten einde skoolgeld vir u as ouer so laag as moontlik te hou. Daarom vertrou ons dat elke ouer en kind ons in hierdie poging sal ondersteun.

3. **SPESIALE VAKANSIEDAE : 28 EN 29 APRIL 2011**

   Neem asseblief kennis dat die Departement van Basiese Onderwys aangedui het dat 28 en 29 April 2011 Spesiale Vakansiedae vir skole sal wees. Dit het tot gevolg dat die skool gesluit sal wees vanaf 22 April 2011 tot 2 Mei 2011. Die skoolbestuur besef dat baie skooldae gedurende hierdie kwartaal verlore gaan, maar sal spesiale reëlings in plek stel om te sorg dat verlore tyd ingehaal word.

4. **BELANGRIKE DATUMS**

12 April 2011	Jagkompetisie skop af
14 April 2011	Rugby Kringproewe (0/12 & 0/13) - Tuis
16 April 2011	Bulletjiedag te Nylstroom
18 April 2011	Rugby Areaproewe - Tuis
19 April 2011	Netbal vs Van Wykskraal Laerskool - Tuis
20 April 2011	Oueraand (17:00 – 18:30)
20 April 2011	Netbal Areaproewe - Tuis
22 April 2011	Openbare Vakansiedag (Goeie Vrydag)
25 April 2011	Openbare Vakansiedag (Gesinsdag)
26 April 2011	Skoolvakansiedag

27 April 2011	Openbare Vakansiedag (Vryheidsdag)
28 – 29 April 2011	Spesiale Skoolvakansiedae
02 Mei 2011	Openbare Vakansiedag
04 Mei 2011	Netbal Streekproewe - Tuis
05 Mei 2011	Rugby en Netbal vs Laerskool Ellisras - Weg
06 Mei 2011	Poppekas Grondslagfase
07 Mei 2011	Landloop te Hoërskool Noorderland
07 Mei 2011	Bulletjiedag te Naboomspruit
09 Mei 2011	Rugby Waterbergproewe te Laerskool Nylstroom
11 Mei 2011	Dogtersdag
13 – 14 Mei 2011	Provinsiale Rugbyproewe
14 Mei 2011	Provinsiale Netbalproewe te Noordskool (Polokwane)
14 Mei 2011	Landloop te Hoërskool Merensky
14 Mei 2011	Bulletjiedag te Koedoeskop
18 Mei 2011	Munisipale Verkiesing
19 Mei 2011	Wêreldkennis Olimpiade
19 Mei 2011	Netbal vs Laerskool Warmbad - Weg
20 Mei 2011	Graad 3 Uitstappie na Gold Reef City
20 Mei 2011	Rapportryers Bybelvasvra Rondte 1
20 – 21 Mei 2011	Rugby en Netbal Provinsiale Oefenkamp
21 Mei 2011	Landloop te Atokia
21 Mei 2011	Bulletjiedag - Tuis
26 Mei 2011	Rugby en Netbal vs Laerskool Bosveld - Tuis
28 Mei 2011	Graad R Gholfdag
28 Mei 2011	Netbal Streekkampioenskappe te Laerskool Krugerpark
28 Mei 2011	Bulletjiedag te Warmbad
31 Mei 2011	Rugby vs Laerskool Warmbad - Tuis
04 Junie 2011	Landloop te Bela-Bela
04 Junie 2011	Netbal Provinsiale Kampioenskappe (Polokwane)
09 Junie 2011	Rugby en Netbal vs Laerskool Krugerpark - Tuis
16 Junie 2011	Openbare Vakansiedag (Jeugdag)
16 Junie 2011	Rugby Provinsiale Kampioenskappe te Hoërskool Warmbad
17 Junie 2011	Skoolvakansiedag
18 Junie 2011	Landloop Interprovinsiaal te Hoërskool Noorderland
18 Junie 2011	Netbal Provinsiale Oefenkamp
23 Junie 2011	Graad 7 Sokkie
24 Junie 2011	Skool sluit
25 Junie 2011	Netbal Provinsiale Oefenkamp
24 – 27 Junie 2011	Hokkiekliniek te Camp Discovery (0/12 & 0/13)
28 Junie – 1 Julie 2011	Krieketkliniek te Camp Discovery (Eerste span & 0/11)
18 Julie 2011	Skool heropen

Ek weet dat Laerskool Thabazimbi, soos in die verlede, weereens op elkeen van u se getroue ondersteuning en lojaliteit kan staatmaak. Seën en sterkte vir 'n voorspoedige kwartaal word u toegewens.

Die uwe

_____

Mnr J L M Venter
HOOF